# Die Matie

Pectora roborant cultus recti

**SPESIALE VERKIESINGSUITGAWE**

UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXIII No. 9 Prys 5c
WOENSDAG, 20 AUG. 1969


## SIRKUS BESOEK MATIELAND

DIE BERE! (En Tiertjies)

# MATIES KIES WEER SR

## Belangstelling Groot, Sê Stembuskonvenor

VANJAAR se Studenteraadsverkiesing vind weer eens plaas te midde van groot woelinge in die studentepolitiek van Stellenbosch. Dit het ten minste een groot voordeel: die lewendige belangstelling vir die verkiesing onder feitlik alle studente. Mag dit ook 'n verantwoordelike belangstelling wees! En verantwoordelike uitoefening van elkeen se kiesersreg.

Juis die gebeure in die afgelope twee jaar, waar beslissings van die verkose SR deur monstervergaderings omver gewerp is, bewys dat die keuse wat by die stembus gemaak word, deur u as kieser nie ligtelik opgeneem mag word nie. Daarom, kies die persone wie se leiding u bereid is om te aanvaar — anders loop u die risiko om uself as kieser belaglik te maak.

**Belangrik! Terwyl die gemoedere moontlik hoog sal loop op die Voorstellingsparade of sirkus Woensdagaand, 20 Augustus, moet die Stembuskomitee dringend u almal se samewerking vra, en al die huiskomitees veral, om te help sorg dat enkele persone nie met dinge soos eiers of meel, ensovoorts, die saal besmeer nie.**

Dis reeds met spesiale vergunning dat ons die Stadsaal gekry het. Vorige ondervinding maak die stadsraad steeds huiwerig om dit aan ons te verhuur.

**Medestudente, ek vertrou u sal die SR-verkiesing, ten spyte van al die roeringe daaromheen, in sy regte perspektief bly sien as 'n suiwere STUDENTE-AANGELEENTHEID. Wees daarom nugter en selfstandig in u oordeel en laat u nie deur invloede van buite ons Universiteit beïnvloed nie.**

Ten einde alle inligting aan u beskikbaar te stel wat u nodig mag vind om te besluit vir wie u wil stem, word hierdie spesiale uitgawe van **Die Matie** uitgegee. Dit is onmoontlik vir elkeen van die meer as 6,000 studente om al die kandidate te ken, daarom word as leidrade vir die wat dit wil gebruik, die kandidaat se naam en foto gepubliseer, sy kursus, name van voorsteller en sekondante, ondervinding sowel as sy beleid.

Mag die verkiesing en die uitslag daarvan die diensbaarheid van die Stellenbosse studentegemeenskap toon aan die ideale van die Afrikanervolk en aan die land beide uit wie se boesem hy voortkom en waaraan hy sy voorreg tot studie en voorbereiding vir sy lewensideaal te danke het.

**Hendrik Verwoerd**
*(Stembuskonvenor).*

*Weens die betrokkenheid van die Hoofredakteur van DIE MATIE by die Studenteraadsverkiesing, is hierdie spesiale Verkiesingsuitgawe deur die Hoofnuusredakteur geredigeer.*



● *HENDRIK VERWOERD wat ingewillig het om as vanjaar se Stembuskonvenor op te tree. Gevolglik sal dit sy taak wees om Woensdagaand as voorsitter op te tree tydens die tradisionele jaarlikse sirkus in die Stadsaal.*

### REDAKSIONELE POSTE DIE MATIE 1970

DIE Publikasiekomitee wag nog tot WOENSDAG, 27 AUGUSTUS 1969, aansoeke om op die redaksie van DIE MATIE vir 1970 te dien, in. Die poste bly dieselfde soos geadverteer in die vorige MATIE, dié van 1 Augustus 1969.

Applikante word daaraan herinner dat hul aansoeke vergesel moet wees van 'n berig van nie langer as 250 woorde nie en dat vorige redaksionele ondervinding gerus vermeld kan word.

Dit staan alle studente vry om aansoek te doen vir enige van die poste in die vorige uitgawe vermeld.

Aansoeke moet gerig word aan: DIE VOORSITTER, PUBLIKASIEKOMITEE, STUDENTERAADSKANTOOR, SANLAMGEBOU 206, STELLENBOSCH.



● *DIE STEMBUSKOMITEE wat verantwoordelik is vir al vanjaar se verkiesingsreëlings. Die komitee is uitgebrei tot nege lede en is voor (v.l.n.r.): Pieter Jooste, Hendrik Verwoerd (Stembuskonvenor), Lilibet Botma en Erik van der Merwe (Onder-stembuskonvenor). Agter staan (v.l.n.r.): Bruce Davis, Roelof van Huyssteen, Pierre de Villiers, Callé Badenhorst en Hennie van der Merwe.*

## Stemprosedure Uiteengesit Deur Onderkonvenor

VANJAAR is dit 'n uiters belangrike SR-verkiesing! Alle Maties gaan stem! Die volgende is nodige inligting vir die gladde verloop van die verkiesing.

**STEMLOKALE:** (a) Vir inwoners van die Universiteitskoshuise by hulle onderskeie koshuise. (b) Vir PSO-studente by die lokale soos aangedui op die plakkate.

**STEMREG:** alle lede van die studente-unie is stemgeregtig, uitgesonderd die mediese studente van Bellville en die buitemuurse handelstudente (art. 4). Alle ingeskrewe studente is lede van die studente-unie. Met dien verstande dat studente wat inskryf om slegs eksamen af te lê, of slegs 'n skripsie in te lewer, nadat hulle verpligte tydperk van residensie reeds afgeloop is, nie lede is nie. Studente met die bona fide bedoeling om slegs vir een jaar in te skryf, het nie stemreg nie (art. 3).

**Die SR-sirkus begin om 8-uur Woensdagaand in die Stadsaal. Die verkiesing vind plaas Vrydag tussen 8 vm. en 3 nm.**

**KIESERSLYS:** Die kieserslys bestaan uit die stemgeregtigdes op nominasiedag. Persone wie se name nie op die kieserslys voorkom nie, kan met bewys van lidmaatskap (registrasiekaart) en stemreg, by die stembus in die SR-lokaal stem.

**STEMPROSEDURE:** Stemming geskied persoonlik per geslote stembriefie. 'n Kieser kan vir soveel of vir so min kandidate stem as wat hy verkies, maar nie vir meer as twaalf nie. 'n Kieser se naam word geskraap sodra hy gestem het. 'n Bedorwe stembrief kan verruil word vir 'n nuwe by die toesighouers. Stemgeregtigdes stem op **wit stembriefies**, uitgesonderd persone met 'n eerstejaarstem wat op **groen stembriefies** stem. ('n Eerstejaarstem word uitgebring deur 'n lid wat nog nie een jaar lid van dié Studente-unie is nie (art. 1c). 'n Eerstejaarstem tel tweederdes van 'n gewone stem.) Toesighouers is in volle beheer van 'n stemlokaal. Geen stemwerwery word in 'n stemlokaal toegelaat nie.

**STEMTYD:** Stemtyd is stiptelik tussen 8.00 vm. en 3.00 nm. (Reël 12).

Enige onreëlmatighede moet dadelik by die stembuskomitee aanhangig gemaak word. Die voorlopige uitslag sal so gou as moontlik na die verkiesing bekend gemaak word. Vir geldigheid van die verkiesing, raadpleeg reël 20 van die grondwet.

Weer doen ek 'n beroep op die Maties om een en almal te stem. Maar krities, in die ware sin van die woord, te stem, naamlik elkeen moet die kandidate afweeg; weeg aan sy eie beginsels.

Dankie vir u samewerking in alle opsigte.

**Erik van der Merwe**
*(O/stembuskonvenor.)*

# 22 KANDIDATE OM VAN

## MARIETA (TOY) BADENHORST

3de Jaar
B.A. (Maatskaplike Werk) III

- VOORSTELLER: Alex Luttig.
- SEKONDANTE: Helena Visser, Marié Pauw, Pieter van Huyssteen, Ingeborg Gräbe, Johan Bergh.

**ONDERVINDING:**

1968: Redaksie Die Matie, Sekretaresse Leierskursus-reëlingskomitee.
1969: Minerva-huiskomiteelid, Bestuurslid Afr. CSV, Bestuurslid ASVS, Bestuurslid Vereniging vir Maatskaplike Werk, Sekretrasse Leierskursus-reëlingskomitee.

**BELEID:**

Ek verklaar myself bereid om met die nodige lojaliteit en ywer positief by te dra tot die doeltreffende behartiging en uitbouing van studentebelange op Stellenbosch en wel op die volgende wyses:

(a) deur my oop te stel vir die be-



hoeftes en oortuigings van die gemeenskap wat ek verteenwoordig;

(b) deur my bydrae te lewer in die verwerkliking van hierdie oortuigings en bevrediging van behoeftes;

(c) om, voortvloeiend hieruit, Stellenbosch se standpunt op 'n suiwer en verantwoordelike wyse na buite te vertolk.

My strewe is dat die uitvoering van bogenoemde altyd sal staan in die teken van 'n Christelike lewensstyl.

## JOHAN BERGH

4de Jaar
Hons. B.A. (Geskiedenis)

- VOORSTELLER: Thys Smith.
- SEKONDANTE: Otto Jaekel, Jan Kirsten, Ricus Verhoef, Maretha O'Neill, Pieter van Huyssteen.

**ONDERVINDING:**

1967: Bestuurslid Geografievereniging, Lid Stembuskomitee.
1967/68: Tesourier Karnavalkomitee, Lid Studente-Werkverskaffingsburo, Lid ASB-komitee.
1968: Bestuurslid ASVS, Voorsitter ASVS-Leierskursus, Bestuurslid Geografievereniging, Redaksielid Die Eiffel.



1968/69: Voorsitter ASVS, Huiskomiteelid Dagbreek, Lid Kleurekomitee, Leier ASVS-afvaardiging na ASB-kongres.

**BELEID:**

Om die studentebelange uit te bou na my beste vermoë en ooreenkomstig dit wat vir ons belangrik is as Christene, Afrikaners en Suid-Afrikaners.


## DOUGGIE BROBERG

5de Jaar
B.Sc. B.Ing. IV

- VOORSTELLER: Dirk Hertzog.
- SEKONDANTE: Beatrix du Plessis, Geoff McMinn, Pieter le Roux, Helene du Toit, Chuck Hoogendijk.

**ONDERVINDING:**

1965: Bestuurslid VSIS.



1968: Huiskomiteelid Van Riebeeckhuis.
1969: Lid PSO-Rugbybestuur, Huiskomiteelid PSO.

**BELEID:**

Ek sal my dit ten doel stel om op 'n Christelike basis te streef na die verbetering van studentebelange, veral

(1) Op interne vlak m.b.t.
 (a) Motors vir voorgraadse studente;
 (b) Die toestemming om in koshuise te dans;
 (c) 'n Nie-winsgewende tweedehandse boekwinkel.

(2) Op eksterne vlak m.b.t.
 (a) Uitruil van informasie tussen al die Blanke universiteite in SA;
 (b) Die wenslikheid van kontak met verteenwoordigers van die Kleurling-universiteit indien moontlik en nodig.

## THYS CILLIERS

4de Jaar
B.Sc. B.Ing. IV

- VOORSTELLER: Tommy Cross.
- SEKONDANTE: Leon Laubscher, Alex Luttig, Beatrix du Plessis, Otto Jaekel, Pieter van Huyssteen.

**ONDERVINDING:**

1967: Lid Junior Breëbestuur.
1968: Lid Karnavalkomitee, Waarnemer by ASB-kongres, Afgevaardigde by SAFUIS Desember-konferensie.
Des. 1968 — Febr. 1969: IASESTE-uitruilstudent.
1969: Lid Publikasiekomitee, Huiskomiteelid Majuba, Sekretaris VSIS.



**BELEID:**

As 'n Christen en Afrikaner sal ek poog om die algemene praktiese belange van die studente-unie te bevorder.

Ek onderneem om my spesifiek te beywer vir 'n kanaal vir gereelde raadpleging en samespreking tussen studente en dosente ten opsigte van onderrigmetodes en die samestelling van leerplanne.

## VAN AARDT DE JAGER

4de Jaar
B.Sc. B.Ing. IV

- VOORSTELLER: Chuck Hoogendijk.
- SEKONDANTE: Thys Smith, Jan Kirsten, Marié Pauw, Tommy Cross, Willem Fourie.



**ONDERVINDING:**

1967: Lid Junior Breëbestuur.

1968: Lid Helderberg-huiskomitee, Bestuurslid VSIS, Lid Sentrale Karnavalkomitee.
1969: Lid Helderberg-huiskomitee, Lid SAFUIS-komitee (Organiseerder van Skoliere-winterskool te Stellenbosch), Lid US-Skaakklubbestuur.

**BELEID:**

As ek verkies word tot lid van die SR, sal ek my pligte tot voordeel van die Studente-unie van US en na die beste van my vermoë uitvoer.


## ETIENNE DE VILLIERS

6de Jaar
B.Th. II, M.A. (Filosofie)

- VOORSTELLER: Jan Kirsten.
- SEKONDANTE: Niekie Marais, Otto Jaekel, Marié Pauw, Thys Smith, Beatrix du Plessis.

**ONDERVINDING:**

1964: Wenner Junior Redenaarskompetisie, Redaksielid Admissiebondblad.
1965: Lid Debatsbestuur, Lid Admissiebondbestuur, Redaksielid Admissiebondblad, Lid Tweedejaarskomitee Dagbreek, Kringleier Afr. CSV.
1966: Voorsitter Admissiebond, Lid Debatsbestuur, Verslaggewer Die Matie, Kringleier Afr. CSV.
1967: Sekretaris Debatsvereniging,



Subredakteur: Inter-universitêr Die Matie, Wenner Senior Redenaarskompetisie, Subredakteur Die Eiffel, Konvenor sendingpos van Afr. CSV-Sendingwerkkomitee.
1968: Voorsitter Debatsvereniging, Sekretaris Afr. CSV, Huiskomiteelid Dagbreek, Lid Verenigingkomitee van SR.
1969: Hoofredakteur Die Matie, SR se afgevaardigde na ASPU-konferensie.

**BELEID:**

As 'n Christen wat graag dit wat goed is uit die verlede van ons land, volk en universiteit wil behou, maar ook bereid is om die omstandighede van vandag wel deeglik in ag te neem, stel ek my tot diens van die studente-unie.


## JIMMY FOUCHÉ

2de Jaar
B.Com. (Regte) II

- VOORSTELLER: Dirk Hertzog.
- SEKONDANTE: Beatrix du Plessis, Nato Zondagh, Geoff McMinn, René van Niekerk, Pieter le Roux.

**ONDERVINDING:**

1967: Militêre opleiding.



1968: Klasverteenwoordiger Juridiese Vereniging, Verteenwoordig Stellenbosch op Inter-universitêre Karnavalkonferensie, Nuusredakteur Die Kanarie.
1969: Voorsitter Junior Breëbestuur, Voorsitter PSO-Juniorbestuur, Lid US-Karnavalkomitee, Lid US - Intervarsitykomitee — Organiseerder van Inter-universitêre Intervarsitykomiteevoorsitterskonferensie, Bestuurslid SAAK, Lid Reëlingskomitee van Joernalistieke Week, Redaksielid Die Matie, Lid Akkerjolredaksie, Lid Ad hoc-redaksie Die Realis.

**BELEID:**

BEGINSELS: Ek baseer my optrede op Christelike beginsels en nasionalisme.


ALGEMEEN: Ek erken die bindende gesag van die Studente-unie. Ek streef na nouer skakeling tussen studente en Studenteraad; tussen studente en owerheid; tussen Stellenbosch en ander Suid-Afrikaanse universiteite.

SPESIFIEK: (1) Algemene griewe soos die verbod op aanhou van motors moet aandag geniet.

(2) Die LGS en Studentesentrum moet 'n onmiddellike werklikheid word.

(3) Tussen-universitêre skakeling moet hoofsaaklik prakties uitgebou word, byvoorbeeld tussen Karnavalkomitees en fakulteitsverenigings.

## JOHANN GRAAFF



# TE KUS EN TE KEUR!

4de Jaar

LL.B. II

- VOORSTELLER: Nato Zondagh.
- SEKONDANTE: Dirk Hertzog, René van Niekerk, Chuck Hoogendijk, Geoff McMinn, Helene du Toit.

**ONDERVINDING:**

1967: Forum-Beheerraad, Junior Breëbestuurslid.

1968: Huiskomiteelid Simonsberg, Redakteur Die Simonsberger.

1969: Huiskomiteelid Simonsberg, Redakteur Die Simonsberger, Voorsitter SAAK-bestuur, Bestuurslid Juridiese Vereniging, Redaksielid Responsa Meridiana, Karnavalkomiteelid.

**BELEID:**


Algemeen: Ek sal my beywer vir die belange van die studente van Stellenbosch, ek sal my laat lei deur die eise van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, ek sal my onderwerp aan die leiding van die Opperwese.

In besonder sal ek my beywer vir: Nouer skakeling tussen student en owerheid, nouer voeling tussen student en Studenteraad met inagneming van afsonderlike groepstrewes; samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekende universiteite.

## ANDRÉ GREVELINK

4de Jaar

B.Com. III



- VOORSTELLER: Nato Zondagh.
- SEKONDANTE: René van Niekerk, Geoff McMinn, Dirk Hertzog, Helene du Toit, Chuck Hoogendijk.

**ONDERVINDING:**

1967: Sportverslaggewer Die Matie.

1968: Sub-Sportredakteur Die Matie, Lid Sangfeeskomitee, Hoofredakteur Die Berghaan.

1969: Sportredakteur Die Matie, Subredakteur Akkerjol, Hoofredakteur Die Stellenbosse Student, Huiskomiteelid Helderberg, Lid Karnavalkomitee (Sierwaens).

**BELEID:**

(1) Om die waarde van elke situasie sowel as student objektief te beoordeel en te benut.

(2) Om in praktiese en nuttige diens te staan van die Studente-unie en van my Universiteit.

(3) Om my te laat lei deur my Christelike beginsels en 'n trou aan my land.

## DIRK HERTZOG

5de Jaar

LL.B. III


- VOORSTELLER: Nato Zondagh.
- SEKONDANTE: Geoff McMinn, Amanda Meyer, Pieter le Roux, Chuck Hoogendijk, Helena Visser.

**ONDERVINDING:**

1965: Redaksielid Vires Unitatis.

1966: Lid Komitee vir Openbare Betrekkinge; Redaksielid Die Matie, Sekretaris SAAK-Bestuur, Juniorkoshuiskomitee, Sub-redakteur Vires Unitatis, Redaksielid Die Stellenbosse Student, Lid Stembuskomitee, Deelnemer Matiespan aan inter-universitêre vasvrareeks.

1967: Huiskomiteelid Eendrag, Lid



Komitee vir Openbare Betrekkinge, Nuusredakteur Die Matie, Redakteur Die Besem, Lid Intervarsitykomitee, Voorsitter SAAK-Bestuur, Sekretaris US-Skaakklubbestuur, Redaksielid Akkerjol, Reëlingskomitee Joernalistiekweek, ASB Buitelandse Betrekkinge-komitee, Redakteur Die Stellenbosse Student, Bestuurslid Nederlands-Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap-studentetak, Sameroeper en deelnemer interuniversitêre „Pick-a-Box"-vasvra, Lid Afvaardiging ASB-Kongres, Leier Matie-afvaardiging Afrikaanse Studente-Persunie (ASPU) konferensie.

1968: Hoofredakteur Die Matie, Hoofbestuurslid ASPU, Leier Matie-afvaardiging ASPU-konferensie, Redakteur Akkerjol, Lid Karnavalkomitee, Sekretaris Juridiese Vereniging-bestuur, O.-primarius Eendrag.

1969: Lid Studenteraad, Voorsitter Karnavalkomitee, O.-voorsitter Werkverskaffingsburo, O.-primarius Eendrag.

**BELEID:**

(1) Om die belange van die Stellenbosse student oor so veel verdienstelike terreine moontlik te behartig.


(2) Om Stellenbosch se beeld uit te bou deur konstruktiewe skakeling met ander Afrikaans- en Engelstalige universiteite.

(3) Om in voeling met die Studente-unie te bly en sy grondwetlike gesag te beskerm.

(4) Om verantwoordelik, gematigd, realisties en konkreet christelik op te tree.

(5) Om Suid-Afrika se belange voortdurend voor oë te hou.

## TEDDIE HOFFMAN



4de Jaar

M.B. Ch.B. IV

- VOORSTELLER: Dirk Hertzog.
- SEKONDANTE: Nato Zondagh, Amanda Meyer, Geoff McMinn, Chuck Hoogendijk, Pieter le Roux.

**ONDERVINDING:**

1967: Voorsitter Junior Breëbestuur.

1968: Sekretaris Geneeskundige Studenteraad.

1969: Tesourier Geneeskundige Studenteraad.

**BELEID:**

Ek stel my tot diens vir die doeltreffende organisasie van studenteaktiwiteite en vir die uitvoer van die wil van die studente-unie.

## REINHOLD JOUBERT

4de Jaar

B.Admin. III


- VOORSTELLER: Geoff McMinn.
- SEKONDANTE: Dirk Hertzog, Nato Zondagh, René van Niekerk, Pieter le Roux, Helena Visser.

**ONDERVINDING:**

1967: Bestuur US-Fietsryklub.

1968: Advertensiebestuurder / tesourier Die Matie, Redaksielid Akkerjol, Lid Bestuurskomitee vir Buitelandse Betrekkinge (SASKI), Redaksielid Die Stellenbosse Student, Redaksielid Vires Unitatis, Sub-redakteur Contact (SASKI).

1969: Tesourier Intervarsitykomitee, Lid SASKI Uitvoerende Komitee, Huiskomiteelid Eendrag, Sub-redakteur Die Stellenbos-



se Student, Advertensiebestuurder/tesourier Die Matie, Voorsitter Eendrag-besprekingskring, Inter-universitêre redakteur Contact, Redakteur Vires Unitatis.

**BELEID:**

Ek sal my laat lei deur my Christelike beginsels en nasionale trou aan Suid-Afrika.

Ek onderneem: (1) Om daadwerklike stappe te doen om vir die student 'n effektiewe deelname in die bestuur van die Universiteit te verkry, byvoorbeeld deur:

(a) Groter outonomie aan die koshuise;

(b) Klasverteenwoodigers in die Fakulteitsrade te kry om die belange van die studente te behartig.

(c) Die Studenteraadsvoorsitter 'n effektiewe stem in die Universiteitsraad te gee, om die belange van studente daar te behartig (bv. oor die motorverbod).

(2) Om effektiewe kontak te bewerkstellig tussen alle Engelse en Afrikaanse universiteite.

## PIETER LE ROUX

4de Jaar

Hons. B.Com.

(Ekonomie)

- VOORSTELLER: Nato Zondagh.
- SEKONDANTE: Dirk Hertzog, Amanda Meyer, Geoff McMinn, Chuck Hoogendijk, René van Niekerk.

**ONDERVINDING:**

1964/65: Militêre opleiding, AFS-beurs.

1966: Lid Nasionale Party-wyksraad (Studentetak).

1967: Redaksielid Die Simonsberger, Sekretaris SAAK, Komiteelid AIESEC, Lid ASB-subkomitee vir Buitelandse Studente Betrekkinge.

1966 — Mei 1968: Forumbeheerraad.

1968: Voorsitter Simonsberg-bespre-



kingsvereniging, Voorsitter SAAK.

1969: Lid Studenteraad, Voorsitter Intervarsitykomitee, Voorsitter Werkverskaffingsburo, Rubriekskrywer Die Simonsberger.

**BELEID:**

Ek is bereid om voluit vir die studente-unie van Stellenbosch te werk.

Alhoewel ek glo dat hartlike verhoudinge met die owerheid nagestreef moet word, moet daar daadwerklik deur 'n studenteraadskomitee opgetree word om die akademiese belange van die studente te behartig, en om onregverdige en onrealistiese owerheidsreëls verander te kry, soos die beperking op die aanhou van motors en die verbod op danse in koshuise.

Goeie verhoudings met alle Afrikaans- en Engelssprekende universiteite moet nagestreef en uitgebou word.

Ek steun die studente-unie se gesindheid waar hy hom ten gunste van kontak met Wes-Kaap uitgespreek het om goeie verhoudings te bevorder en glo dat die deur in hierdie gesindheid vir die toekoms oopgehou moet word.

In die algemeen sal ek my beywer vir 'n Suid-Afrikaans nasionalisme gebaseer op christelike beginsels en vir 'n gesonde, aktiewe en vrugbare studentelewe.

## ALEX LUTTIG

6de Jaar

B.Th. II, M.A.

(Sielkunde)

- VOORSTELLER: Pieter van Huyssteen.
- SEKONDANTE: Carel du Preez, Amanda Meyer, Jan Hofmeyr, Thys Smith, Ricus Verhoef.

**ONDERVINDING:**

1966: Redakteur Admissiebondblad.

1967: Huiskomiteelid Simonsberg, Lid SR-Sangfeeskomitee, Toerleier Admissiebondkonserttoer.

1967/68: Lid ASB-Komitee, Direkteur



Werkverskaffingsburo.

1968: Sekretaris Simonsberg-huiskomitee, Lid SR-Verenigingskomitee, Lid ASVS-Bestuur, Afgevaardigde ASB-Kongres.

1968/69: Lid ASB-Hoofbestuur, Direkteur Departement van Buitelandse Studentebetrekkinge,* Diaken NG-gemeente Stellenbosch-Sentraal.

1969: Lid Studenteraad, Lid SR Uitvoerende Komitee, Tesourier SR, Primarius Simonsberg, Voorsitter Primarii/aekomitee.

*Besoek verskeie Europese lande om skakeling tussen die ASB en goedgesinde studentegroepe in Europa daar te stel.

**BELEID:**

Ek onderneem om die Studenteunie na die beste van my vermoë te dien.

In my diens aan die Studenteunie sal ek poog om getrou te bly aan my Christelike roeping en aan my solidariteit met die Afrikaanse volk.

## GEOFF McMINN

5de Jaar

M.A.

(Staatsfilosofie)

(Vervolg op bl. 4 kol. 1)



*(Vervolg van bl. 3 kol. 5)*

- VOORSTELLER: Nato Zondagh.
- SEKONDANTE: Dirk Hertzog, Amanda Meyer, Chuck Hoogendijk, Pieter le Roux, Helena Visser.

**ONDERVINDING:**

1962/64: Doen statistiese werk by 'n motorfabriek.
1965: Begin studies op Stellenbosch.
1967: Medestigter SASKI, Voorsitter SASKI, Bestuurslid Eendrag-besprekingskring, Lid Eendrag-musiekkomitee.
1968: Voorsitter SASKI, Lid Majuba-sangfeeskomitee.
1969: Lid Studenteraad, Voorsitter Sangfeeskomitee, Voorsitter Sportkomitee, Lid Kunsfeeskomitee, Voorsitter SASKI.

**BELEID:**

Ek sal daarna streef om te alle tye dit wat ek as in die grootste belang van die studente-unie ag, te verteenwoordig.

Ek sal daarna streef om hierdie universiteit 'n weerspieëling te maak van daardie dinge van waarde in die tradisie en geskiedenis van Suid-Afrika.

Primêr wil ek sien dat ons universiteit die inisiatief sal neem in 'n poging om 'n verbetering in kommunikasie en wedersydse begrip tussen alle Suid-Afrikaanse studente te bring.

Ek sal my te alle tye laat lei deur my Christelike beginsels en toewyding aan die hoogste belange van my land.



# ECKHART MUELLER

## 4de Jaar S.O.D.

- VOORSTELLER: Alex Luttig.
- SEKONDANTE: Christo Lombard, Ingeborg Gräbe, Maureen Roux, Otto Jaekel, Willem Fourie.

**ONDERVINDING:**

1967: Bestuurslid Geografievereniging.
1969: Huiskomiteelid Dagbreek, Voorsitter Duits-Afrikaanse Studentebond Universiteit Stellenbosch (DASUS), Sekretaris Verenigingskomitee, Ondervoorsitter ASVS-Leierskursusreëlingskomitee, Wyksraadslid Nasionale Party (Studentetak), Wyksverteenwoordiger Afr. CSV.


**BELEID:**

(1) Ek steun kontak met Wes-Kaapland. Kontak ter wille van kontak is onverantwoordbaar.

(2) Skakeling met Engelse universiteite moet aandag geniet. Gemeenskaplike trou aan Suid-Afrika sal positiewe besprekingspunte tot gevolg hê.

(3) Goeie betrekkinge met ander Afrikaanse universiteite is belangrik. Daarvoor is die ASVS uiters geskik.

(4) Dit sal my strewe wees om die Studente-unie na die beste van my vermoë te dien.



# FANIE OLIVIER

## 3de Jaar B.A. (Regte) III

- VOORSTELLER: André Bignault.
- SEKONDANTE: Geoff McMinn, Nato Zondagh, Ingeborg Gräbe, Amanda Meyer, Pieter le Roux.

**ONDERVINDING:**

1967/1968: Kunsverslaggewer Die Matie.
1968: Kunsverslaggewer Die Matie, Sub-redakteur Punt, Bestuurslid Afrikaanse Studiekring (ASK), Bestuurslid SAAK.
1969: Mede-kunsredakteur Die Matie, Sub-redakteur Die Besem, Redaksielid Vires Unitatis, Sub-redakteur Punt, Redaksielid Stellenbosse Student, Redakteur penseel, Bestuurslid ASK, Bestuurslid SAAK, Lid Reëlingskomitee vir Joernalistiekweek, Lid Intervarsitykomitee.
1970: Voorsitter ASK.

**BELEID:**


(1) Ek sal my daarvoor beywer om op die Studenteraad as 'n verteenwoordigende stem van die studente-unie op te tree en sal my in al my besluite en ondernemings laat lei deur my Christelike oortuigings.

(2) Die Studenteraad se verantwoordelikhede BINNE die Universiteitsraamwerk mag nie 'n ondergeskikte rol speel nie en ek sal probeer om hierop groter klem te laat val veral met betrekking tot onderrig- en eksamenmetodes en onrealistiese kampusreëls en sal voluit werk vir die bespoediging van ons studentesentrum se voltooiing.

(3) Ek sal my ten doel stel om samewerking tussen Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes tot die grootste mate binne én buite Stellenbosch te bevorder en om dialoog tussen die studenteraade van al die universiteite te bepleit.

# DENE SMUTS

## 3de Jaar B.A. II



- VOORSTELLER: Dirk Hertzog.
- SEKONDANTE: René van Niekerk, Geoff McMinn, Pieter le Roux, Chuck Hoogendijk, Nato Zondagh.

**ONDERVINDING:**

1967/1968: Inskrywing aan US, American Field Service-beurs (Julie 1967 — Julie 1968).
1969: Lid SAAK-bestuur, Lid Karnavalkomitee, Lid Intervarsitykomitee, Redaksielid Die Matie.

**BELEID:**

(1) Ek stel my tot positiewe en aktiewe diens vir die organisatoriese uitvoering van die meerderheidswil van hierdie studente-unie.

(2) Ek het 'n trotse vertroue in die SPONTANE bevordering van Afrikanerbelange deur ons studentegemeenskap. Die gesonde oorkoepelend-Suid-Afrikaanse karakter van Stellenbosch wat hom hierby aansluit, moet uitgedra word deur ONAFHANKLIKE Studenteraadskakeling met alle Suid-Afrikaanse universiteite. Ek glo dat die karakter van Stellenbosch hom by uitstek geskik maak vir 'n inisiatiefgewende rol in die bewerkstelliging van skakeling op 'n breë vlak.

(3) Ek sal my deurgaans deur Christelike waardes laat lei.

(4) Ek sal my beywer vir 'n Studenteraad wat as spreekbuis tussen studente en Administrasie dien insake akademiese en ander aangeleenthede.

# MAANS VAN LILL

## 4de Jaar B.Th. I



- VOORSTELLER: Thys Smith.
- SEKONDANTE: Alex Luttig, Bobbie Scherrer, Ricus Verhoef, Jac Snyman, Maretha O'Neill.

**ONDERVINDING:**

1967: Voorsitter Dagbreek-Tweedejaarskomitee, Lid Junior Breëbestuur, Bestuurslid US-Atletiekklub, Kringleier Afr. CSV.
1968: Kaptein US - Atletiekklub, Kringleier Afr. CSV.
1969: Lid Dagbreek-huiskomitee.


**BELEID:**

Dit is my voorneme om in ooreenstemming met die funksie van die Studenteraad in die studentegemeenskap, 'n positiewe bydrae te lewer tot die behartiging en uitbouing van studentebelange op die kampus.

Die uitbouing moet nie rigtingloos wees nie maar meehelp tot 'n eenheidsgevoel onder alle studente met die uitskakeling van persoonlike vetes en groepsvorming.

Dit is my oortuiging dat hierdie ideale alleen in ooreenstemming met 'n Christelike lewensvisie uitgevoer moet word.

# REEP VERLOREN VAN THEMAAT



## 3de Jaar B.Sc. (Bosbou) II

- VOORSTELLER: Willem Fourie.
- SEKONDANTE: Bobbie Scherrer, Basjan Wolmarans, Kleintjie Bellingham, Niekie Marais, Bettie Fourie.

**ONDERVINDING:**

1965/67: Student in siviele ingenieurswese in Delft, Nederland, Bestuurslid Liberale Studenten Vereniging te Delft, Bestuurslid Delftsche Studenten Amateur Fotograven Vereniging, Bestuurslid Delftsche Studenten Alpen Club.
1967: Stigter en voorsitter SOOS, Medestigter SASCI, Bestuurslid NSAW (Nederlands-Suid-Afrikaanse Werkgemeenskap).
1968: Bestuurslid SASCI.
1969: Tesourier Transkeiwerkerskampe.

**BELEID:**

In al my besluite word ek gelei deur my Christelike beginsels. Ek onderneem om die Studente-unie op dieselfde grondslag te dien.

# HENNIE WIEHAHN

## 5de Jaar M.Com. (Ekonomie)

- VOORSTELLER: André Potgieter.
- SEKONDANTE: Pieter van Huyssteen, Cecile Burger, Carel du Preez, Thys Smith, Jurgens Lieberberg.



**ONDERVINDING:**

1968/69: Huiskomiteelid Huis Marais, Voorsitter Vereniging vir Ekonomie en Handel.
1969: Afgevaardigde na Handelskongres, Komiteelid vir ondersoek na 'n nasionale handelstudentevereniging.
1969/70: Nasionale bestuurslid van Die Internasionale Vereniging vir Handel- en Ekonomiestudente (AIESEC).

**BELEID:**

(1) Ek stel my primêr tot diens van hierdie studente-unie en sal poog om suiwer daarna te streef om die belange van die Stellenbosse studente te bevorder.


(2) In die uitvoering van my pligte erken ek God as die hoogste gesag en sal my laat lei deur my Christelike beginsels.

(3) As voorstaander van 'n gebalanseerde lewensbeskouing is dit my oortuiging om in die lewering van diens aan jou land of medemens nie op 'n uiterste grondslag te staan nie.

# BASJAN WOLMARANS

## 6de Jaar B.Th. III

- VOORSTELLER: Otto Jaekel.
- SEKONDANTE: Thys Smith, Ricus Verhoef, Jena van Zyl, Deon van Wyk, Pieter van Huyssteen.



**ONDERVINDING:**

1965: CSV-kringleier, Redaksielid Die Eiffel.
1967: Afr. CSV-kringleier.
1968: Huiskomiteelid Dagbreek, Lid ASB-komitee tot met ontbinding, Tesourier US-Debatsvereniging.
1969: Huiskomiteelid Dagbreek, ASVS-bestuurslid, Sekretaris Publikasiekomitee, Voorsitter Debatsvereniging.

**BELEID:**

As Christen-Afrikaner sal ek my in die uitvoering van my pligte sowel as die neem van besluite, laat lei deur die Heilige Skrif.

Die Matie word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Firstraat, Observatory, vir die Studenteraad, Stellenbosch.